

15 Augustus

1 Kronieke 17

God bly ter wille van ons by ons

Dawid wil vir die Here sorg deur vir Hom 'n stewige huis te bou. God maak egter duidelik dat Hy nie versorging nodig het nie. Hy is die Een wat vir sy kinders sorg. Dit is waarom sy tempel aanvanklik 'n tent was. Hy het daardeur getoon dat Hy naby sy swerwende volk is. Alhoewel dit gelyk het asof die volk nou uiteindelik onder Dawid se bewind stabiliteit verkry het, wou die Here hulle grondgebied nog verder uitbrei en Dawid se dinastie vestig. Eers nadat Hy sy volk se grondgebied vir hulle verseker het, sou Hy vir Salomo toelaat om 'n permanente tempel vir Hom te bou. Die Here het dus simbolies aan die volk getoon dat Hy nie tot rus kon kom solank as wat sy volk nog nie finaal gevestig is nie. God is in sy genade by ons op die aarde betrokke ter wille van ons mense, nie omdat Hy 'n woonplek nodig het nie!

Dit is opmerklik dat Johannes 1:14 letterlik sê dat God in Christus tussen ons kom tent opslaan het. Daarom word Hy Immanuel genoem wat beteken: "God met ons". Nogtans is daar steeds baie mense wat dink dat hulle God 'n guns doen deur Hom te dien, so al asof Hy van ons diens afhanklik is. God wil egter dat ons Hom dien omdat ons Hom as die ware God erken en nie omdat Hy ons sorg nodig het nie. Ons is van God afhanklik – nie Hy van ons nie!

Sing: Skrifberyming 5:1,2

Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)